Resensie

A History of South African Literature: Afrikaans Literature. Part Two: The Period of Emancipation 1900-1930 deur Jerzy Koch, Van Schaik, 2022

Hein Viljoen

'n Nuwe kaart van 'n belangrike tydperk uit die Afrikaanse letterkunde

Die tweede deel van Jerzy Koch se geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde is 'n belangrike boek, omdat hy nuut na die literatuurgeskiedenis kyk en 'n reeks belangrike insigte en klemleggings na vore bring. Koch bou daarin voort op die eerste deel en fokus op wat hy noem die tydperk van emansipasie, 1900 – 1930. Daardeur onderskryf hy die algemene opvatting dat die Dertigers 'n waterskeiding in die Afrikaanse letterkunde teweeggebring het.

Die boek getuig van lang en deeglike studie van die Afrikaanse letterkunde en die diskoerse daaromheen. Reeds in afdeling (of deel) 1 maak Koch skerpsinnige opmerkings oor die ruimte van die Suid-Afrikaanse literatuur en die skryf van die geskiedenis daarvan. Soos hy in afdeling 1.3, "Redrawing the map", verduidelik, beskou hy die skryf van 'n literatuurgeskiedenis wat primêr gemik is op 'n Poolse gehoor, as die maak van 'n kaart met verskillende lae. Die aanvulling van hierdie kaart en uiteindelik die lees daarvan, is deel van 'n proses van verkenning en ontdekking. Vooraf moet die ondersoeker uiteraard verduidelik hoe hy sy materiaal gekies het en watter metodes hy gebruik het om dit aan te bied. Hy wil daardeur nuwe kennis skep, maar ook die kanon van die Afrikaanse letterkunde as't ware voor die oë van die Poolse leser rekonstrueer, aandui hoe dit funksioneer in die vorming van nasionale en etniese identiteite, maar ook hoe dit geëmansipeer geraak het van sulke nasionale doelstellings en 'n opvatting van artistieke outonomie nagestreef het. Dit word kortom 'n poging om 'n wêreld, sowel tekstueel as nie-tekstueel, te beskryf en te verstaan (p. 35). In 'n globaliserende wêreld wil Koch tog 'n soort eenheid van die streek behou. Hy is ten volle bewus van die marginalisering van letterkunde vandag, maar wil desondanks die eie-aard van die letterkunde behou, in teenstelling tot ideologiekritiek uit 'n queer of postkoloniale hoek.

'n Belangrike teoretiese perspektief op die geskiedenis wat Koch na vore bring – en dit nogal op die voetspoor van Gerrit Dekker – is die Bulgaarse navorser Georgii Gachev se sogenaamde verhaastingshipotese. Dit hou in dat volke en

kulture op sekere stadiums, danksy komplekse sosiale prosesse, skielik ontwaak en vinniger begin ontwikkel, as't ware om die agterstand in te haal en vinnig deur die fases van die gemeenskaplike kulturele en spirituele ontwikkeling van alle volke te beweeg. Hierdie proses, meen Koch, is onderliggend aan die werk in die Afrikaanse letterkunde van die begin van die 20ste eeu.

Koch lê die inhoud en metodes van sy kaart baie breed uit. Dit strek oor die eerste drie dele van sy boek. Eers skets hy verskillende opvattings oor die skryf van literatuurgeskiedenis in Suid-Afrika, maar ook die taalpolitieke omstandighede ná die Anglo-Boereoorlog (die tyd van die sogenaamde Tweede Taalbeweging). Daarop volg, in afdeling 2, 'n deeglike oorsig oor opvattings oor die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans. Dit eindig met 'n tipologie van al daardie opvattings. Dit is 'n voortsetting en uitbreiding van die gedeelte daaroor in deel 1 van Koch se literatuurgeskiedenis en is ontwerp as integrale deel van sy literatuurgeskiedenis. Hoewel opvattings oor Afrikaans van groot belang is, ook vir die letterkunde, is daar egter nie 'n organiese of sistematiese verband tussen hierdie deel en die res nie. Koch meen tereg dat die diskussie oor oorsprong van Afrikaans parallel loop met die literêre ontwikkelinge, maar maak nie 'n oortuigende saak daarvoor uit dat dit 'n noodsaaklike konteks vir die letterkunde vorm nie.

In afdeling 3 bespreek Koch, as verdere verklaring van sy kaart, die verskillende maniere waarop die skryf van 'n literatuurgeskiedenis in Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika aangepak is, uitgaande van die vraag hoe 'n literêre werk verstaan en beoordeel behoort te word. Hy gee eers 'n oorsig oor die literêre kritiek en die literatuurgeskiedskrywing, vanaf die pioniers Gerrit Besselaar en Lydia van Niekerk, oor kritici soos E.C. Pienaar, Manfred Nathan en Elizabeth Conradie heen, tot by A.P. Grové en N.P. van Wyk Louw. Daarna beskryf hy die rol en opvattings van Gerrit Dekker, P.J. Nienaber, P.C. Schoonnees, F.E.J. Malherbe, Rob Antonissen en J.C. Kannemeyer as belangrike kritici-literatuurgeskiedskrywers in heelwat detail. Dat hy aandag skenk aan ouer, en vandag dalk vergete kritici soos Pienaar, Schoonnees en Malherbe is belangrik vir 'n geheelbeeld van die historiese ontwikkeling. Sy sketse van die kritici se werk en opvattings is deeglik en indringend. Dit is net jammer dat hy hierdie afdeling nie ook afsluit met 'n oorsigtelike tipologie en 'n sintetiese konklusie nie.

Een nuwe perspektief wat Koch ontdek en in detail bespreek, is die rol van dagboeke en ander egodokumente uit die Anglo-Boereoorlog wat in Nederlands geskryf is in die vorming van Afrikanermites. Dit is 'n aspek wat tot dusver verwaarloos is en wat bewys hoe geldig sy aandrang is dat die Afrikaanse en die Nederlandse letterkunde in Suid-Afrika saam bestudeer moet word. Hy gee 'n insiggewende bespreking van die herinneringe van generaal Christiaan de Wet en

toon ook die merkwaardige belangstelling aan wat dit ná die oorlog geniet het. Hy maak insgelyks insiggewende analises van die oorlogsdagboeke van Jan F.E. Celliers en van Totius waarin hy veral fokus op die verwoording en verwerking van die trauma van die oorlog. Koch beklemtoon die literêre waarde van Celliers se oorlogsdagboek en beskou dit as Celliers se belangrikste prosawerk.

Die bespreking van die herinneringe van kommandant J.P. (Japie) Neser is minder bevredigend omdat Koch daarvan 'n soort kapstok maak om beskouings oor die rol van swartes in die Anglo-Boereoorlog aan te hang, maar sonder om sy bronne daarvoor te dokumenteer. Ook hierdie afdeling vra vir 'n sintetiserende konklusie, maar dit bly eweneens uit.

Afdeling 5 bestaan hoofsaaklik uit drie deeglike essays oor die werk van die Eerste Generasie, Celliers, Totius en Leipoldt. Koch rehabiliteer Celliers as volksdigter deur veral te wys op sy pogings, by al sy gebreke, om die Europese tradisie van veral die Romantiek voort te sit. Dit, saam met 'n ander sensibiliteit, onderskei Celliers vir Koch van die 19de-eeuse Afrikaanse poësie. Hierdie afdeling bevat ook 'n baie goeie profiel van Totius, wat klem lê op die simboliese aard van Totius se werk, en van Leipoldt, wat veral die sintuiglike basis van Leipoldt se poësie beklemtoon.

Afdeling 6 handel oor die Twintigers. Dit sluit onder andere 'n insiggewende profiel van Langenhoven en sy rol in die emansipasie van Afrikaans in. Dit is egter in hierdie afdeling 6 dat Koch die waarde van die verhaastingshipotese die oortuigendste demonstreer. Hy toon aan dat Visser, Toon van den Heever en T.J. Haarhoff by uitstek digters is wat die tradisies van die Middeleeue en Renaissance, en die Klassieke tradisie, in Afrikaans ingedra het. Eugène N. Marais ook. Die wyse waarop die Twintigers eeue se literêre ontwikkeling versneld in Afrikaans ingedra het, stel ons in staat, volgens Koch, om hulle bydrae tot die Afrikaanse letterkunde korrek te verstaan. Dat hy dit oortuigend aantoon, en aan die Twintigers 'n belangrike rol in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis toeken, is een van die groot verdienstes van sy boek.

'n Ander verdienste is die parallelle en raakpunte tussen die Afrikaanse en die Poolse letterkunde wat hy aantoon, onder andere sekere ooreenkomste tussen Celliers se *Martjie* en Adam Mickiewicz se *Pan Tadeusz* (*Meester Thaddeus*) uit 1834.

Vanaf afdeling 4 het die skrywer sonder motivering opgehou om sy bronne deeglik met voetnote te dokumenteer soos hy tot op daardie punt gedoen het. Daardeur word sy bewerings dikwels onkontroleerbaar en sy werk moeilik om op te volg. Besonder lastig is byvoorbeeld hoe vaag die bron van J.P. Neser se memoires aangedui word. Hy meld wel dat dit deur A. Wessels uitgegee is, maar verdere detail ontbreek, ook in die uitgesoekte bibliografie van boeke. In die volgende afdelings ontbreek bronverwysings vir die ander sentrale tekste wat die

skrywer aan die orde stel, eweneens. Dit is baie onwetenskaplik en ’n irritasie vir die leser en ondermyn die gesag van Koch se werk.

’n Ander gemis in die boek is die gebrek aan sintetiserende konklusies by die meeste hoofstukke. Wil Koch sekere finale konklusies en pogings om ’n koherente verhaal te konstrueer, oneindig uitstel – miskien omdat ’n verlange na ’n koherente verhaal nie van pas is in ’n postkoloniale en postmoderne wêreld nie?

Koch verskaf deurgaans vertalings van die Afrikaanse of Nederlandse gedeeltes wat hy aanhaal, maar vermeld meestal nie wie dit vertaal of uit watter bron die vertalings, soos die lang stuk uit *Martjie* wat hy aanhaal, kom nie. In die Afrikaanse aanhalings is daar heelwat foute en verskrywings, byvoorbeeld ‘rappier’ en ‘kannone’. Ook ‘vew’ in plaas van ‘few’ in die Engels. Die Engels is voorts plek-plek ’n bietjie lomp of omslagtig. Daarnaas het ek enkele feitefoute opgemerk, onder andere dat Totius ’n plaas in Krugerskraal gekoop het. Die plaas se naam is Krugerskraal.

Koch se deeglik nagevorste en deeglike beredeneerde kaart bring kortom ’n aantal besonder waardevolle insigte aan die lig. Die verwagting (dalk uit pas met die tydsgees) dat ’n nuwe literatuurgeskiedenis uit ’n nuwe perspektief, van buite af, ’n koherente nuwe verhaal van die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde en die dryfkragte daaragter sal bied, word egter net deels gerealiseer. Die verhaastingshipotese is wel ’n baie belangrike bydrae in hierdie rigting.

Noordwes-Universiteit